



# KAMMANUUS

Nommer 374

5 Mei 2014

'n Publikasie van onsdorp.com

## TOULEIER



## In Duskantland word ons baie bederf!

**D**ie kuiertjie in Duskantland was soos gewoonlik veels te kort. Ook maar goed, want Jors Troelie is 'n allemintige vyf kilogram swaarder in net tien dae! Mensig maar die Kaap was dié keer weer mooi en lekker!

Ondanks al die voorspellings dat dit Paasnaweek gaan reën, was dit van die heerlikste herfsseisoene wat mens voor kon wens. Ek en Kamermaatjie kon weer gaan nostalgies raak saam met my maats uit ons matriekjaar in Jan Van Riebeeck. Wat dit dié keer nog meer besonders gemaak het was dat dit die keer reünie-maats ingesluit het van die jaar voor en ná ons matriekjaar. Mens besef nou eers hoe lank jy saam met hulle skool gegaan het sonder om werklik kennis te maak. Nou het ek sommer 'n klomp ou nuwe vriende gemaak.

Terug in Doha hier in Sandkantland begin die somer nou sterk intree en selfs toe ons drieuur nou die oggend hier land, was die temperatuur steeds in die middel dertigs met 'n guitige humiditeit wat jou laat voel jy maak 'n oond se deur oop as jy uitstap uit die lughawe. Natgesweet ná net dertig tree tot by die taxi.

Terwyl ek probeer om 'n laaste uiltjie te knip op pad huis toe, dink ek aan hoe gemaklik die taxibedryf dit hier in Katar vir 'n mens maak. Ons klomp blankes in Suid-Afrika leef mos in 'n heel ander wêreld wanneer dit kom by vervoer. Met ons minimum van twee motors per gesin, kla ons oor die petrolprys wat nou al by die veertien rand trek, maar vra jousef a, wanneer laas het jy openbare vervoer gebruik? Wanneer laas het jy in 'n taxi gery?

Hier in Doha besef jy sommer gou dis die beste en maklikste manier om aan die gebruik van huurmotors gewoond te raak is as jy die aand êrens gaan drink. Behalwe vir die bbu staatsondersteunde taxi's wat met meters werk en heel bekostigbaar is, is daar ook 'n hele bedryf van privaat maatskappye wat van strekwaens tot viergang Hummer-monsters uithuur.

Maar dis nie waar dit stop nie. Daar is kleiner handelaars waarvan jy slegs in gesprekke te hore van kom. So het ons Meneer Haak deur een van Annabelle se Majong-maatjies ontmoet. Haak is 'n Indiër wat so tien of twaalf taxi's bedryf.

Ons kan hom enige tyd bel en binne 'n halfuur is hy of een van sy manne daar. Ons ken mekaar nou al so goed dat hy ons al genooi het om sy vrou se masala te gaan probeer. Hy het net twee pryse, R90 en R150. Wanneer jy skakel om te bespreek, vertel hy jou watter een jy gaan betaal.

Maar dis nie al nie. Omtrent elke taxibestuurder bied ekstra dienste aan. Mens moet hier bly en woon om te besef hoeveel tyd spandeer kan word om jou kar te diens of om byvoorbeeld jou motorlisensie te hernu. Dis 'n hele proses wat ure kan duur. Al wat jy nou doen is om een van die manne te kontak en hy kom haal jou kar en hy verrig al hierdie takies vir jou.

Daar is selfs vroue hier wat hul taxibestuurder met 'n inkopielys uitstuur. Een van hulle vertel my daar is 'n kliënt van hom wat hom gereeld bel om aandete by 'n restaurant te gaan koop. Die twee ken mekaar nou al so goed dat hy vrye teuels het om te besluit oor by wie om te koop en oor wat en hoeveel dit gaan kos.

Dan meen mense ons lewe swaar in Duskantland, maar praat van bederf!

**Hennie Greeff**

**Doha, Katar**

**UITGEWER VAN KAMMANUUS**

# Om die kampvuur

**JY KAN NIE  
GELUK  
KOOP NIE  
MAAR  
WYN  
IS BAIE  
DIESELFDE**

## OP DEES AARDE (2)

Die tweede in die reeks oor vreemde blyplekke en blystyle. Nou wonder mens hoe hulle die motor daar gekry het?



## Bobbejane het regtig menslike emosies

Dit lyk dalk nie so wanneer hulle rustig in die son sit en Vlooië soek nie, maar bobbejane raak ook gespanne en rou selfs as een van hul familieleden vrek.

Só het 'n span Amerikaanse navorsers in Botswana bevind. Sover bekend het hul navorsing vir die eerste keer bewyse gelewer dat kese, spesifiek die wyfies, rou. Hul hormoonvlakke skiet dan die hoogte in.

Die bevindings is grootliks geskoei op Sylvia, 'n 23-jarige wyfie van die Okavango-delta. Sy is een van die meer senior wyfies in die trop en het min ooghare vir die ander gehad, behalwe vir haar dogter, Sierra, wat haar versorgingsmaat was en ure lank haar hare sit en krap het.

Toe 'n leeu Sierra doodbyt, het Sylvia ure lank net vir haar voete gesit en staan en lusteloos rondgedwaal. Twee weke later het sy by die ander wyfies begin aandag soek met wie sy vroeër onvriendelik was.

Haar hormoonvlakke, wat die hoogte ingeskiet het, het ook weer begin daal.

## Die herkoms van ons gesegdes (28)

**Olifant:** 'n Wit olifant (iets wat geen doel dien nie en 'n oorlas is)

In ou Siam (nou Thailand) is 'n wit olifant as heilig beskou, en as 'n howeling die koning geïrriteer het, het hy 'n koninklike geskenk van 'n wit olifant ontvang. Omdat die dier heilig was, moes die arme howeling natuurlik sorg dat die ding genoeg kos en water het, en gereeld geskrop en gepamperlang word. Die olifant mag ook nie gewerk het nie, en was dus nutteloos vir die ontvanger. As 'n mens dink dat die dier 250 kg kos per dag verorber, maak dit nou nie juis die ekonomiesste troeteldier wat daar is nie.

**Ommesientjie:** In 'n ommesientjie (in 'n oomblik, baie gou)

In Nederlands beteken ommezien/omzien 'n "ogenblik" – die tyd waarin iemand maar net vinnig kan omkyk; in Afrikaanse woordeboeke is omsien ook met die betekenis "omkyk, terugkyk" opgeneem.

**Onderdeur:** Oor die onderdeur loer (aandag aan jongkêrels begin gee) Spesifiek van meisies in vroeë puberteit gesê. In Nederlands het dit ook beteken "om na buite te kyk" – iets wat vroeër eeue nie vir 'n jongmeisie beskore en veral betaamlik was nie omdat dit sou lyk asof sy die aandag van die kêrels op haar wil vestig. Dit het later vereng tot "kyk of die vryer aankom".

**Onraad:** Onraad merk (gevaar vermoed)

Onraet in Middelnederlands het baie betekenis gehad, onder andere 'n "gevoel van onveiligheid, toestand van onrus, skade, nadeel" Verder ook "slegte raad, bose plan". Uit al dié dreigende betekenis het die betekenis van "gevaar" ontwikkel.

# Duskantlander in Anderkantland

## Twee dekades in Afrika leer jou baie dinge

**DANIEL BEZUIDENHOUT, 'n Namibiër, skryf uit Ghana**

**S**oos met 'n ou skoolvriendin wat my nou die dag op Facebook raakloop ("Ag, shame!" was haar reaksie) bokspring vele ander se gedagtegang as hulle my gesin ontmoet. Ons is daardie malkop Afrikaanse mense wat sonder trompetgeskal rustig hier tussen al die ander Ghanese woon.

Hierdie lewe is normaal soos witsous met kaas. Elke oggend soek my Kobus sy boeretroos (moerkoffie), ons braai lamsvleis (solank as wat die vleisvoorraad hou wat op die laaste vlug van Namibië af tussen die klere ingesmokkel is en luister Radio Jakaranda en Radio Wave (Windhoek) via die internet.

Kinders moet rondgetaxi word agter maats aan, sakgeld bly 'n besprekingspunt aan die ontbyttafel en DSTV se sportkanaal is iewers in die agtergrond aan.

My man het toenterjare (1991) die uitdaging aanvaar om projekte aanmekaar te sit in "nuwe markte" (vir die oningeligtes: dis diep in Afrika). Sy verhale van eensaamheid, vreemde tale, verafgeleë dorpies en rakbrak winkeltjies het my nie veel geskeel nie – ek was smoorverlief en wou saamrits en die vreemde verken.

Twintig jaar later wip-wip ons steeds reg oor Afrika. Ons het Uganda (twee keer), Nigerië, Kenia (twee keer), Namibië en Ghana ( drie keer) reeds 'huis' genoem. Ons kontrak het nie 'n vervaldatum nie. Solank as wat my man lief en sy base wedersyds gelukkig is, bly ons aan.

Van die oomblik wat jou kinders gebore is, wonder jy wat die donker wêreld aan hulle gaan doen - malaria, polio, salmonella en vigs is elke dag in ons gesig. My familie was meer bekommerd oor wat ék met my kinders aanvang en waaraan ek hulle blootstel. Die beste ding wat ek vir my kinders kon doen, was om hulle deur Afrika te laat fladder. My seun was 2 weke oud met ons aanland in Uganda en my dogter net 10 dae met haar eerste vlug na Kenia. In dié lande het ons twee pragtige



goed aangepaste tieners grootgemaak. Hulle is nou 18 en 17 jaar oud, Afrikaans, Engels geskool, selfversekerd, wêreldwys, uitgesproke en verdragsaam.

My kinders het in sowat twaalf internasionale en/of privaatskole 'n ding of twee geleer. Ten einde laaste het hulle op die Britse Cambridge-stelsel hul skoolloopbaan met tuisonderrig voltooi. In ons swerfsels het ons 'n Afrika weespleegkind ook grootgekry (ja, hy is pikswart).

### Die drama is dat Afrika verstringel is in burokrasie.

Die hartseer ding is dat soveel expat-vroue 'n beroep moet opgee om huis en hard bymekaar te hou. Dit gebeur soms dat hulle stukkies van hulself verloor, want die mans versmoor in werk en haar kinders absorbeer die skool- en maats-ding. Oor vrouwees hier sal ek dik boeke kan skryf.

Die drama is dat Afrika verstringel is in burokrasie. Werkspermitte is duur en skaars, dus mag vroulief nie werk nie, want dan pluk sy fisies die kossies uit 'n plaaslike bloedjie se mond! Ga! Die skuiwergat is dat sy haar eie besigheid moet bedryf, of haar belangstelling of tuisbedryf nuwe hoogtes moet inneem.

In Kenia het ek binnenshuise versierings gemaak en kinderkamers opgetooi, in Uganda het ek skoolboeke in kleur geset en vir 'n uitgewershuis gekonsulteer. In Nigerië het ek houtmeubels vir kinders gemaak en vir die Britse Konsulaat gewerk en so ook in Ghana. In Namibië het ek 'n haarsalon gehad en kiste gebou (ja, vir begrafnisse). Tyd vir op 'n knop sit en jammer voel oor wat ek mis in Namibië was daar ook.

Tussendeur is ek bang daar is plekke wat ek nog nie gesien het nie – dinge wat ek nog nie beleef het nie. Ons vermaak onself met vriende en braaivleis- en tee-uitnodigings en potjiekos kompetisies en soek interessante plekke om buite Akkra te bly. Hier is nou filmteaters, maar die etiket van die mense hier sal onse mense gek dryf . . .

# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)



## ERNSTIG OOR GHOLF

Die man en sy vrou was op die negende gholputjie toe sy skielik met 'n hartaanval inmeekaarsak.

"Help my!" kreun sy.

Hy bel die noodnommer, gesels met iemand, tel sy setstok op en lyn sy skoot op. Sy kyk op na hom:

"Ek is besig om te sterf en jy set!"

"Toemaar, hulle het die dokter opgespoor. Hy is by die tweede putjie en op pad om jou te kom help."

"Wel, hoe lank voor hy hier is?" vra sy flouerig.

"Sommer nou-nou. Die ouens by die putjies voor hom het ingestem dat hy gou kan deurspeel."

## SPRAAKTERAPIE

Die spraakterapeut werk met 'n groepie hakkende jong mans, maar maak nie eintlik vordering met hulle nie.

Sy kom toe in 'n sexy uitrusting na die groepsessie en bebwe sy sal die ou wat sy geboortedorp se naam kan sê sonder om te hinkel, 'n innige soen gee as beloning.

Opgewonde probeer die eerste ou: "K-k-k-Kaapstad!" En sink moedeloos op sy stoel neer.

Nog 'n ou staan op en sê:

"Mmmmmmm-Malmesbury!" en slaan moedeloos op sy heup.

'n Derde ou haal diep asem en sê:

"Durban!..."

"Mooi!" sê die spraakterapeut en soen hom soos belof 'n minuut lank met oorgawe.

Toe sy klaar is, vra sy: "En wat sê jy daarvan?"

Waarop die arme ou uitasem klaamaak: "...v-v-v-v-v-ville!"

## BAIE KWAAD

Daar was eendag 'n tannie wat so kwaad was vir haar ou man dat sy gebied het:

"Vader vandag bid ek net vir genade, want as ek krag kry donner ek hom dood."

## VERDELING

**Man aan sy buurman:** "Ek het verlede week verbygeloop en gesien hoe jou vroultjie in die tuin staan en houtkap. Is julle twee versoen?"

**Buurman:** "Nee, ons het die huis se meubels tussen ons verdeel."

## BC deur JohnnyHart



# Uit die Wakis

## Stories vir die vaak



'n Dronk man wat na bier geruik het sit in die moltrein langs 'n priester.

Sy das was vuil, sy gesig vol rooi lipstiffie en 'n halfleë bottel jenewer het by sy sak uitgesteek.

Hy het 'n koerant uitgehaal en begin lees. Na 'n paar minute vra hy:

"Ek sê, Vader, wat veroorsaak artritits?"

Priester: "My Seun, dit word veroorsaak deur 'n losse lewe, om bordele te besoek en met goedkoop vroue om te gaan, te veel alkohol, minagting vir jou medemens en 'n gebrek aan sindelike gewoontes."

Die dronkie met net gemompel: "So bo my kool" en wer begin lees.

Die priester het nagedink oor wat hy gesê het en verskoning gemaak:

"Jammer, ek het nie bedoel om so sterk oor te kom nie. Hoe lank het jy al artritits?"

Dronkie: "Nie ek nie, Vader. Ek het net hier geles die pous ly aan artritits."

**DIE LES:** Maak seker dat jy die vraag verstaan voor jy antwoord.



'n Ingenieur het gesterf en is hel toe, waar hy gevind het die diensverskaffing was baie swak – geen lugreëling, geen lopende water en swak verskaffings-dienste.

Kort voor lank het hyaan die werk gespring en waaers en lugreëling geïnstalleer, 'n water-reservoir gebou en warm en koue lopende water aangelê.

Hy het ook 'n nuwe kombuis van vlek-vrye staal gebou waar maaltye vir fynproewers voorberei is.

Gerugte het Petrus bereik dat dinge in die hel drasties verander het en hy het 'n engel afgevaardig om ondersoek in te stel.

Hy was ontsteld en het die duivel op sy helfoon gebel.

"Jy is veronderstel om in ewigdurende pyn en ongemak te verkeer," het hy gesê. "Jy moet al hierdie geriewe onmiddellik verwyder!"

"En as ek weier?" het die duivel baie selftevrede gevra.

"Dan sal ons jou aankla!" het Petrus geantwoord.

"O ja?" sê die duivel. "En waar gaan jy 'n prokureur hierbo kry?"

## Wat het ons in 2069 jaar geleer?

"Die begroting moet klop, die skatkis moet hervul word, openbare skuld moet verminder, die arrogansie van die heersers moet beheer word.

Die hulp aan vreemde lande moet verminder, anders gaan Rome bankrot word. Mense moet weer leer werk, pleks van op welsyn te teer."

-- Cicero, 55 vC.

ANTWOORD: Skynbaar niks . . .



## Raat wat teen miere werk

Vuurmiere beweeg elke jaar Gauteng toe. As jy al ooit deur hulle gebyt is, sal jy dit onthou.

Hoe raak jy van hulle ontslae?

Gaan na jou verfwinkel en koop 'n kis swart spreiverf. Gaan huis toe en krap die miershoop lekker deurmekaar. Gebruik een spuitkannetjie verf op elke hoop.

Sodra die werker- en die soldaatmiere agterkom dat hulle swart is, hou hulle op met werk. Hulle begin dan vir hoër lone dans en die miershoop sterf.

## My vrou se grassnyer is te koop

Hier is my hele treurige verhaal. Ek kan nog nie glo dat dit so uitgedraai het nie.

My vrou het gesê sy wil 'n grassnyer hê waarop sy kan ry.

Sy sê sy werk heeldag en is altyd moeg as sy van die werk af kom en dat 'n grassnyer waarop sy kan ry haar sal help om die werk in die erf gouer te doen sodat sy meer tyd het vir die werkies binne-in die huis.

Nou kyk, ek is 'n baie simpatieke eggenoot en ek is goed met my hande, toe maak ek vir haar een.

Ek het heeldag gewag om te hoor hoe sy van vreugde gil en my omhels.

Ek het selfs 'n lig op die ding gesit sodat sy ook in die donker kan werk (kyk foto hieronder) nadat sy die aandskottelgoed gewas het.

**Ek kan tot vandag nie verstaan hoekom dit so moeilik is om vrou tevrede te stel nie.**



## Rolls met meer as 'n miljoen myl op sy klok!



Kan jy jou voorstel dat jy 82 jaar lank dieselfde motor kan besit?

Allen Swift van Springfield, Minnesota, het hierdie 1928 Rolls-Royce Piccadilly-P1 Roadster in 1928 splintemuut as geskenk gekry toe hy sy graad behaal het. Hy het dit tot in die jaar van sy dood gery, en hy was toe 102.

Hy was die oudste eienaar van 'n motor wat nuut gekoop was.

Ons het gedink julle wil dalk sien hoe die motor lyk. Dit is na sy dood aan die Springfield-museum geskenk.

Die Rolls het 1 070 000 MYL op sy mylmeter, loop nog soos 'n Switserse hortosie, doodstil op enige spoed en in perfekte toestand.

Dis ongeveer 13 048 myl per jaar.

Britse ingenieursvernuf van 'n vergange era. Hulle maak karre net nie meer so nie . . .

# Stamboom

## Help ons familiespeurders

**BARNARD** cajoubert@telkomsa.net

Ek soek inligting van Hendrik Johannes Barnard, gebore 21 Maart 1910. Ons wil 'n stamboom saamstel tot in die verste geslag. Hulle het in die Vosburg-distrik in die Karoo geboer.

**BEHR** maggie.parkin@gmail.com

Ek soek my Oupa Behr en moontlik Oupagrootjie Von Behr se inligting. Die naam Michael Alouisious/ Louÿs was deel van sy name. Afkomstig uit Duitsland in 1800. Van verander van 'Von Behr' na Behr. Oupa se eerste huwelik het hul 3 kinders gehad: Johnny, Veronica en Agnes. Sy tweede huwelik was met nooi van Schalkwyk, Bloemfontein, Kinders : Mickey; Benedict Joseph; Louis Alouisious; Francis Xavier; Peter Benjamin en Barbara Magdaleen. Francis, 'n dogter is oorlede toe bog. Nog kinders was. My Pa, Francis Xavier Behr is in Bloemfontein gebore, 13 Maart 1928. En getoë.

Ek weet net dat oupa Behr ook 'n bakker was, het 'n bakkerij in Kimberley gehad.

Ek wil weet, as iemand my asseblief kan help om met die 'bietjie' inligting wel iewers te kan soek, kontakte te kry

**GOUS** eleanormargueritegouch@gmail.com

Soek familie lede van die Gous gesin van Vergenoeg. Kleinkinders van Sarel Gous en Helena Schreuder.

**SCHOLTZ** hennie.truck@westvaal.co.za

Ek soek meer detail oor waar ons vandaan kom en wanneer. Gebore 3/10/1951 te germiston. Pa - francois johannes scholtz. ma - stella Branford.

**VAN NIEKERK** rene.strauss@hotmail.com

My grootouma was Wilhelmiëna Susanna Sophia van Niekerk. Haar suster was Susara Magdalena van Niekerk. (Susara was getroud met George St Leger Lennox ook bekend as Scotty Smith). Ek weet hul pa was Gerhardus David Wentzel van Niekerk (1844-1949). Hy is begrawe in Marchand se begraafplaas. As enige iemand dalk vir my enige verdere inligting kan gee sal ek dankbaar wees.

**VAN ROOYEN** drjopie@vanrooyen.co.za

Ek soek na inligting oor Anna Suzanna Pretorius gebore 13-11-1849, getroud met Samuel (Jacobus?) de Beer, gebore 7-4-1845 waarskynlik in die Rustenburg omgewing. Hulle het tien kinders gehad (7seuns en 3 dogters)

**WIESE** bolandvragkonsultant@gmail.com

Ek is op soek na iemand wat my kan help met die Wiese's van Kamieskroon. Enige hulp sal waardeer word.

### WAT BEDOEL JY?

Jong vrou aan haar vriendinne:

"Julle weet, geen ander man buiten my eie man het my al gesoen nie!"

Vriendin: "Spog jy nou, of kla jy?"



# AGTEROS

## Net voor uitspantyd



Hy is steeds nie mooi seker wat 'n kwatryn, 'n oktaaf en 'n sekstet is nie. Dit pla hom ook nie regtig nie, want hy weet hoe om woorde te laat rym. O, hy ken van rym.

**Deur DANA SNYMAN**

**T**ienie is mos nou 'n skrywer. Hy skryf veral gedigte; dan plaas hy dit op Facebook vir sy meer as 300 vriende om te lees. Hy het spesiaal vir hom op Facebook 'n blad vir sy gedigte geskep. "Tienie de Wet – Skrywer" noem hy homself nou.

Die muse is goed vir hom, sê Tienie, want hy het die afgelope 4 maande al 83 gedigte op Facebook geplaas.

Die muse besoek hom veral saans wanneer hy voor die rekenaar sit, met 'n glasie Nederburg Baronne by hom terwyl musiek sag op die agtergrond speel – klassieke musiek: Vivaldi of Mantovani, of Rocco de Villiers se klavierklanke.

Hy luister ook graag na André Rieu se vioolmusiek wanneer hy dig. Hy steek ook 'n kers op. Dan sit hy daar terwyl die kers flou flikker, en dan kom die gedigte na hom, die een ná die ander. Soms kan hy die woorde nie vinnig genoeg op sy rekenaar tik nie. Dis asof die gedig soos 'n branderoor hom speel.

Hy het klaar 'n titel vir sy bundel: Gedagtes by 'n Flikkerende Kers.

Hy beperk homself nie, sê Tienie. Hy dig oor enigiets: oor die reën, oor wind, oor sy stukkende motor . . .

Hy het 'n foto van sy stukkende motor geneem en dit saam met die gedig op Facebook gesit. Hy plaas 'n foto by elke gedig, want dis hoe dit op Facebook gedoen word. Die foto illustreer die gedig.

Baie mense lewer kommentaar onderaan sy gedigte. By die gedig oor sy stukkende motor het een vrou geskryf: "Baja gud, Tini. Danki dat jy j pyn mt ons deel."

En tog het hy op skool glad nie in gedigte belang gestel nie. Die onderwysers het hopeloos te tegnies geraak wanneer hulle die gedigte in die klas bespreek het. Hy is steeds nie mooi seker wat 'n kwatryn, 'n oktaaf en 'n sekstet is nie. Dit pla hom ook nie regtig nie, want hy weet hoe om woorde te laat rym. O, hy ken van rym.

Hy oorweeg dit om 'n bundel saam te stel. Hy sal die bundel maar op sy eie koste publiseer, want die meeste groot uitgewers publiseer nie eintlik meer digbundels nie. Hulle stel net belang in Breytenbach en Krog en Hambidge se werk. Hy weet nie hoekom gaan party mense so aan oor Breyten se gedigte nie. Dis wat hom betref net 'n onverstaanbare gekrabbel.

Hy verstaan ook nie waaroor gaan hierdie jongste bohaai oor hierdie Trantraal-kêrel se gedigte en uitsprake nie. Terwyl die letterkundiges stry en baklei, skryf hy verwoed voort en plaas sy gedigte op Facebook.

Hy het selfs al 'n gedig geskryf oor 'n vlieg wat dood in sy kombuis se vensterbank lê, sê Tienie. Die gedig se eerste strofe lui:

O vlieg, hier lê jy nou  
jou aardse vlug op 'n end  
buite hang die wolke grou  
oor staal en sement

Hy het 236 "likes" vir hierdie gedig op Facebook gekry, wat waarskynlik meer is as die aantal digbundels wat die meeste digters in Suid-Afrika verkoop.

**KAMMANUUS verskyn weer op 19 MEI**